| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Hooggeregshof, Kimberley)

Saaknommer: 1571 / 2006
Datums aangehoor : 28/03/2012
Datum gelewer : 30/04/2012

**In die saak tussen:**

| | |
|---|---|
| **HERMANUS HENDRIK WIID** | Eerste Eiser |
| **JOHANNA SOPHIA FISCHER** | Tweede Eiseres |
| **SUSANNA ELIZABETH RABIE** | Derde Eiseres |

**en**

| | |
|---|---|
| **ELIZABETH HENDRIKA WIID** | Eerste Verweerderes |
| **WILHELMINA BARENDINA VAN LOGGENBERG** | Tweede Verweerderes |
| **JACOBUS PHILIPUS WIID** | Derde Verweerder |
| **EBEN JEAN DU TOIT** | Vierde Verweerder |
| **ELIZABETH HENDRIKA FERREIRA** | Vyfde Verweerderes |
| **ANNA SOPHIA DE WET** | Sesde Verweerderes |
| **DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF** | Sewende Verweerder |
| **DAWID SMITH PRINSLOO** | Agste Respondent |

**Coram: Lacock, R**

## UITSPRAAK OP VERLOF TOT APPÈL

**Lacock, R**

[1] Op 13 Januarie 2012 het ek uitspraak in hierdie geding ten gunste van die eisers gelewer. Die eerste tot vierde verweerders doen nou aansoek vir verlof om teen my uitspraak appèl aan te teken.

[2] Die wese van die voorgenome appèl is gemik teen daardie gedeelte van die bevel waarkragtens hierdie verweerders gelas is om skadevergoeding aan die Elwida Trust te betaal (paragraaf 2 van die bevel). Adv. Coetzee voer aan dat ek paragraaf 5 van die trustakte verkeerd vertolk het, en kan 'n Hof van Appèl bevind dat die trustees van die Trust inderdaad daarkragtens bevoeg was om die plase en die vee teen nie-markverwante pryse aan die derde verweerder te verhuur. Sou sodanige bevinding gemaak word, so argumenteer mnr Coetzee, sal dit volg dat die gemelde verweerders nie aanspreeklik is vir betaling van skadevergoeding aan die Trust nie.

[3] Mnr. Coetzee het niks bygevoeg tot sy argumente in die verhoor geopper nie. Na my mening is daar geen redelike vooruitsigte dat 'n Hof van Appèl tot 'n ander gevolgtrekking kan kom as waartoe ek gekom het nie.

[4] Selfs al sou ek verkeerd wees in my vertolking van paragraaf 5 van die trustakte, was die verweerders steeds, *qua* trustees, regtens verplig om behoorlik en

verantwoordbaar die sake van die Trust in belang van die trustbegunstigdes te bestuur. Dit het hulle, op hul eie getuienis, nalatiglik versuim om te doen. Trouens, soos bevind, en soos toegegee deur mnr. Coetzee, het hulle eenvoudig geen onafhanklike diskresie uitgeoefen tydens die besluitnemingsproses met die sluit van die huurkontrakte nie, en het hulself laat intimideer deur die oorledene, en bloot sy wil klakkeloos gevolg.

[5] Mnr. Coetzee het die gronde van appèl tot die voorgaande beperk, en vind ek dit nie nodig om met die ander gronde in die kennisgewing van appèl te handel nie.

**BYBEVOLG WORD DIE AANSOEK VIR VERLOF TOT APPèL VAN DIE HAND GEWYS MET KOSTE.**

| | |
|---|---|
| Nms Eisers: | Adv. D.J. van der walt (i.o.v Duncan & Rothman) |
| Nms Verweerders: | Adv. W.J. Coetzee (i.o.v De Jager Prokureurs) |

**HJ LACOCK**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**